Lukas 7:36-50 NGK MIEDERPARK 17/5/09

TEMA: DIE KWALITEIT VAN LEWE Ds Okkie Cilliers

As jy mens is, is jy swak. Dis een van die groot dinge van die lewe wat ons nie wil weet nie. Ons maak asof ons sterk is en niks in die lewe kan ons onderkry nie, veral as jy jonk is en die wêreld se geleenthede roep jou. Dit werk ongelukkig nie, want swakheid is eie aan menswees.

Ons **liggame** is swak. Dit word oud en vol plooie, dit raak siek en seer en dit loop op die dood uit. Ons wil dit nie aanvaar nie en beveg dit met alles wat tot ons beskikking is – mense spandeer 'n fortuin aan dinge om te keer dat die liggaam die natuurlike pad loop wat hom swakker maak.

Ons **emosies** is swak. Ja, daar is die bullebakke wat niks vir ander voel nie en verskriklike dinge aan ander kan doen. Maar die meeste mense is swak en wys dit nie graag nie: hy huil waar hy nie wou nie en lag toe hy nie moes nie; hy word kwaad toe hy moes glimlag en glimlag toe hy moes kwaad word… Ons is bang om seer te kry en maak ander baie maklik seer.

Ons **geloof** is swak. Ja, ons weet ons is tot alles in staat (Fil 4:13), maar helaas! Ons val en bly val; ons wou die reguit pad loop, maar die breë pad het geroep en toe word daar toegegee!

Ons swakheid is nêrens so magteloos duidelik as die krisisse van die lewe kom nie: as iemand wat jy baie liefhet skielik doodgaan; as die dokter die ellendige woorde sê van die groot siekte wat in jou of een van jou liefdesmense se liggaam kom bly het; as die werk waarop jy gereken het skielik nie meer daar is nie; as verhoudings skeef loop…

Ons swakhede het ons natuurlik slim gemaak want ons het geleer om daarmee saam te leef en dit weg te steek. Dis iets wat die Fariseers tot 'n fyn kuns vervolmaak het. Hulle het met die tyd 'n klomp reëls opgestel vir mense om hul swakhede sagter te maak: wie by die reëls hou is sterk, wie nie daarby hou nie is swak en word tot die diepste hel verban. Skielik verskyn Jesus op die toneel en wys vir hulle dat die lewe nie so werk nie. Jesus wys hulle uit vir wat hulle is: 'n klomp verloorders wat weghardloop. Jesus word deur 'n Fariseer genooi om te kom eet. As jy dit gedoen hett, het jy daarmee gesê dat jy die genooide spesiaal is en dat jy hom in jou intieme lewe toelaat. Dis duidelik dat Simon bybedoelings gehad het toe hy Jesus uitgenooi het. Hy en ander Fariseers wou Jesus op sy plek sit want tydens die etery wou hulle Hom wys wat hulle van Hom dink. *Hulle is sterk en in beheer*. Tydens die etery breek 'n hengse verleentheid los: 'n vrou met 'n slegte reputasie kom vat aan Jesus. (Hoe het sy daar ingekom? Hoe het sy by die Fariseers en wagte verby gekom?) Stel jouself die prentjie voor: Jesus lê op sy sy en Hy eet. 'n Vrou kom staan agter Hom en huil so dat sy sy Hom papnat huil. Ek vermoed van verleentheid probeer sy die trane wegvee en daarvoor gebruik sy haar hare. Probeer jou indink hoe sy lyk – die oë bloedrooi gehuil en die lang hare in koeke en kloste soos sy afgedroog het! Dis duidelik wat die Fariseers se reaksie was: "Sies! G'n mens meng met haar soort nie!" Hulle moes vir Jesus en die vrou gegril het, want sy is 'n uitvaagsel wat vir geld gebruik word en die blote feit dat Jesus haar toelaat om aan Hom te vat maak van Hom ook 'n uitvaagsel. *Hulle is sterk en in beheer.*

- Die Fariseers het slim geraak en steek hul swakheid agter hul reëls weg. Hulle skep 'n arm en verskraalde lewe waar hulle agter hul slim dinge wegkruip en hulle reken dat dit hulle gaan beskerm.

Ons het net so slim geraak. Mense projekteer steeds hul swakhede en wys die vinger na ander: "Toe, wat sê jy… kyk wat het jy gedoen…" Ja, as ek ander sleg kan laat lyk, lyk ek minder sleg en gaan ek sterker daaruit kom… of so dink mense. Kom ons grawe sy sondes, vernederinge en swakplekke uit en skreeu dan op hom, skop hom rond… en dan lyk ons beter. Mense doen sulke dinge en vir 'n rukkie voel hulle goed want hulle dink hulle het die geveg gewen – later kom die koue leë gevoel van mislukking terug en hulle weet dat die ander een sterker is omdat hulle nog niks aan hul eie swakhede gedoen het nie.

Mense in magsposisies misbruik dit baie maklik.

Dis wat die Fariseers gedoen het: hulle gebruik 'n vrou met 'n swak reputasie en verneder en Jesus om hulself goed te laat lyk. So dink hulle wen hulle punte in die geveg van die lewe.

- Wie het jy verneder om jouself goed te laat lyk? Watter reëls het jy geskep waar mense oortree het en toe ontbloot jy hulle vir die swakkelinge wat jy gedink het hulle is?

  Jy is nie 'n held nie want jy werk met ander mense se swakhede en nie met jouself nie.

Ons het so slim geraak dat ons ons swakhede ontken! Ja, die sonde maak ons sterk want die genot daarvan laat ons glo dat ons in beheer is. Ons steek dit weg en plooi dinge so dat die waarheid tog nie moet uitkom nie. En as dit wel uitkom soek ons 'n swartskaap soos 'n vrou met 'n slegte naam om die skuld op af te laai. Ons sal NOOIT erken dat ons swak en verkeerd is nie. Ons kan ook nie bekostig om dit te erken nie, want enersyds verloor ons die posisie van mag waaraan ons gebou het en andersyds gaan mense ons uitmekaar trek as dit uitkom. Ons kies om stil te bly.

Hierdie vrou (tradisie sê dis Maria Magdalena) het duidelik moeg geraak vir haar lewe en wou uitklim. Waar en hoe sy van Jesus gehoor het, kan ons maar net raai. Maar dis duidelik dat sy geweet het dat Hy ander gehelp het en haar ook kan help om uit die varkhok te klim. Sy het 'n yslike risiko geloop om by Simon se huis in te gaan, want as die Fariseers haar vooraf betrap het was daar groot moeilikheid. *Sy wou verander, maar mense (en veral kerkmense) het niks vir haar gevoel nie.* Mense van die kerk kan verskriklik wreed wees!

- Wat steek jy weg? Moenie bang wees vir wat mense sê nie, ook nie vir jou emosies wat dalk hande kan uitruk nie. Want die goed keer dat jy leef omdat dit met die tyd alles steel wat vir jou mooi is: jou tyd, geld, verhoudinge, emosies, persoonlikheid, werk…

- Wie roep na jou vir hulp en liefde en wreed staan jy terug omdat hy jou te veel aan jou eie swakhede herinner en jy reken dat geen ordentlike mens dit naby hom kan waag nie… Jy besteel hom van sy lewe en jou eie lewe word net armer!

Ja, omdat ons swak is, praat ons nie met ons harte nie. Die lewe rondom ons skreeu na mense wat harte het en die genot van die lewe kan raaksien! Maar mense praat met hulle verstand: koud, klinies en met feite! Feitelik wen hy dan byna altyd sy saak, want soos die Fariseers het hy 'n wet en die wet is immers oortree. Dis maklik om so te werk want jy is nie by die lewe betrokke nie maar wel by die reëls wat jy interpreteer oor hoe die spel van die lewe gespeel moet word.

Dis 'n ander prentjie as jy met jou hart moet praat, want nou moet jy jou lewe oopmaak en jouself gee en jy weet dat daar oneindig meer op die spel is as wenners en verloorders: jou en ander mense **se lewens** is op die spel en God moet daarmee geëer word!

Daar is baie min mense wat dit doen – mense wat nie skop en veroordeel nie, maar die hart oopmaak en met liefde die lewe gaan deel.

Die Fariseers het met die **saak** van menswees gewerk *("Ons kan darem nie dinge soos dié toelaat nie!*!"), Jesus het met die **mens** van menswees gewerk ("*Ek is nie kwaad vir jou nie, jou sondes is vergewe!*!). As Jesus sy hart oopmaak en die lewe aan mense bied, weet hulle presies waar hulle met Hom en die lewe staan. Dit kan nie anders nie, want Hy werk nie met teorië en beginsels nie, maar met die mens wat gekonfronteer word met die LEWE!

- Hy ontmakser die Fariseers vir wat hulle is: hulle is hard en die lewe gaan by hulle verby. Hulle besef dat hulle te veel moet prysgee as hulle Jesus se lewe van die hart kies en daarvoor sien hulle nie kans nie. Vies staan hulle terug en die lewe is lelik, want hulle is harde mense.

- Vir die vrou maak Hy sy hart oop en Hy gee aan haar die lewe: "Jou sondes is vergewe" Ek vermoed dis die woorde van die lewe waarna sy lankal gemag het. Dit moes soos musiek in haar ore geklink het. Die lewe word mooi.

Dis tragies dat iemand wat wel met sy hart werk en die lewe mooi en sag wil maak, so bitterlik vergruis kan word. Want jy is so verskriklik kwesbaar omdat jy jouself blootstel. Mense kan tot binne in jou siel sien want jy kan niks wegsteek nie. Dan mors mense maklik met jou en jy het absoluut geen verweer nie, behalwe die sagte oë van die Here wat goedkeur waarmee jy besig is. Jesus het ons hierteen gewaarsku toe Hy gesê het dat dissipelskap nie maklik en goedkoop is nie; soos 'n skaap stuur Hy ons tussen die wolwe in en ons gaan verskeur word (Luk 10:16). Hyself is vermoor omdat Hy 'n mens was wat met sy hart geleef het. Ja, as iemand sy swakheid erken, hulp soek en begin ***LEWE*** word die rug word op hom gedraai en die lewe word uit hom gepers!

Ek wonder wat sou gebeur het as dié gebeure hom vandag in ons gemeente sou afgespeel het? Wat sou van die vrou geword het, omdat mense altyd so 'n mens se lewe wantrou en met die geringste misstap spring hulle op haar: "Ons het jou mos gesê… hulle soort verander nie. Jy kan haar nooit regtig vertrou nie want onthou wat sy gedoen het! Jy weet nooit wat kan gebeur en watter versoekinge die duiwel in haar kan loslaat nie…" Die Fariseers is springlewendig vandag!

Die Here Jesus stuur mense weg met die lewe en mense (wat sê hulle ken die Here se vergifnis!) wil mense soos hierdie vrou wat 'n verlede het altyd laat boet en betaal. Ja, so word mense se lewens met mooi en vroom woorde besteel en hulle land seer en verward op die ashope! Ek onthou die homoseksuele vrou wat uit hierdie lewe geklim het en saam met God begin lewe het. Kerkmense het hulle rug op haar gedraai en sy het selfmoord gepleeg. Ek onthou die jongman wat bedwelm hulp by die kerk gaan soek het. Hy is gehelp, maar moes later die pyn en vernedering verwerk toe vir hom gesê dat hy nie vertrou kan word nie omdat hy 'n verlede het.

Hoe werk jou hart met ander se lewens? Is haar trane joune, is sy lewe joune, is sy swakheid joune…? Eintlik het ons nie 'n keuse om so te leef nie, want Jesus het my trane syne gemaak, my lewe syne en my swakhede syne, en Hy vra van sy kinders om soos Hy te maak (Mat 25:44vv.).

As jy nie haar trane afdroog en haar dan wegstuur om te gaan lewe nie, kan gevra word of jy werklik self die lewe ontdek het?

Ons swakhede laat ons ons drome vergeet.

Ek wonder waaroor het hierdie **vrou** en haar ma gedroom toe sy 'n dogtertjie was? Soos enige mens seker ook oor sekuriteit en 'n blink toekoms. Maar dinge het anders uitgewerk en die droom is vergeet omdat sy haar oorgegee het aan die dinge van die varkhok.

Die **Fariseers** het ook 'n droom gehad – die een van godsdienstige en kulturele reinheid: ons moet 'n sisteem skep waar ons God kan beïndruk en ons volk bewaar kan bly. Die drome is gou vergeet omdat hulle met mense se swakhede en nie God se liefde gewerk het nie.

Die gevolge van sulke dinge is verwoestend want ons konsentreer net op dit wat swak en verkeerd is. En dit mag nie so wees nie want as ek "swak is, is God sterk" (2 Kor 12:10 en 13:3).

Moenie aanhou kyk na dit wat swak in jou en ander is nie. Kyk weg en kyk na die Here sodat daar genesing kan kom. Hou op om ander en jouself stukkend te slaan oor dit wat verkeerd is, want so beroof dit jou en ander van die lewe wat kosbaar is!!

- As jy aanhou praat en kyk na die trane van jou eie en ander se lewens, verloor jy jou droom want jy sien die nagmerries raak. Dit word 'n bose kettingreaksie: daar is meer en

meer wat jy raaksien wat tranerig, verkeerd en vernietigend is en dis al waaroor jy praat, redeneer en hoor… Jy voel daar is niks meer wat die moeite werd is nie.

Met al hierdie geharwar en rumoer rondom Hom is Jesus rustig langs die etenstafel. Daarmee sê Hy dat hierdie swakhede wat ons so kreupel maak, **nie belangrik is nie.** Hy ontmasker dit, want dis is nie die lewe nie. Hy wil nie oor die swakhede praat nie, maar oor ***jou en die lewe***.

- Is jy eerlik in die lewe, of dra jy 'n masker? Hardloop jy so baie rond en praat jy oor so baie mense en hul dinge omdat jy te bang is om te stop en die lewe in die oë te kyk? Jy praat, lees, bevraagteken, kyk rond… en Jesus sit langs die etenstafel! Want Hy wil nie oor die onbenullige dinge praat nie – Hy wag vir jou trane en dat jy Hom salf. Hy dring aan op 'n oog tot oog ontmoeting met jou sodat jy kan leef en ander kan laat leef.

Dis hoekom die Bybel so teen sonde is.Nie net omdat dit teen die heiligheid van God ingaan nie, maar omdat dit keer dat jy leef en ander se lewens verskriklik intens kan raak – dit besteel mense van hul drome! En mense wat so is en hul oorwinning vergeet, word bitter mense. Dis hulle wat loop en kritiseer en fout vind, vergaderinge by hulself en ander belê oor die swakhede van die vlees by hulself en ander, wat trane veroorsaak en dan bitter wegloop… Dis kreupel mense wat dikwels iewers seer gekry het, reëls oor die lewe opgestel het en so terug slaan.So word hulle vroom maar kru mense wiese lewens ongeleef by hulle verbygaan en hulle verwag ander moet dieselfde paadjie loop – hulle wil ander laat boet vir hul eie swakhede.

Dis tog nie die lewe nie!

1. Want God is die lewe (Joh 14:6). Dieselfde Jesus wat die onsinnige goed wat die lewe beduiwel se trane weg gevee het, maak met genade en vergifnis so vry dat die lewe nuut begin.

- Kyk goed na 2 Kor 5:17 en 18a.

2. Hierdie soort lewe kom nie met 'n blote kennisname van die feite nie en nog minder kom dit vanself – ***JY LEER DIT AAN!!***

- Kyk goed na Ps 16:11 (wat onder moeilike omstandighede geskryf is).

Hoe leer 'n mens dit aan?

Let op na Jesus se woorde aan hierdie vrou: "***Gaan***…jou geloof het jou gered." Gaan leef, want die lewe is die mooiste ding wat jy het. Daar is nie kitsresepte vir die lewe nie, daar is nie stelle reëls wat jy vir jouself en ander kan opstel om te leef nie! Gaan doen wat jou hande vind om te doen – elke ding wat elke dag gebeur moet 'n loflied aan die Here wees sodat jou lewe die reuk tot die lewe kan wees en nie die tot die dood nie (2 Kor 2:15-16).

Eddie Riekenbacker was 'n jong seun toe hy van die huis weggeloop het. Hy het 'n leerling grafsteenmaker geword en later selfs as matroos gewerk. Met die uitbreek van die eerste wêreldoorlog het hy genl Pershing se motorbestuurder geword. Hy het so by die generaal geneul om 'n kans te

kry om te vlieg, dat hy dit toegestaan het. Eddie het 'n natuurlike aanleg vir vlieg gehad en aan die einde van die oorlog was hy bekend as die "Ace of Aces" – hy het die meeste vyandelike vliegtuie neergeskiet. Na die oorlog was hy bankrot en het sy eie motors begin bou; die Riekenbacker. Hy het goed geld gemaak totdat die depressie hom weereens bankrot gemaak het. Met die koms van die tweede WO het hy weer gaan vlieg en voortgegaan waar hy opgehou het: hy was 'n baasvlieënier. Maar Eddie is neergeskiet en baie siek is hy afgevoer na die hospitaal. Deur die newels van pyn het hy bygekom en die radio in die hospitaal het 'n nuusberig uitgesaai wat hy gehoor het: "Eddie Riekenbacker, the Ace of Aces, is dying in hospital."

Hy het vir homself gesê: "Om te sterf is maklik – jy maak net jou oë toe. Om te leef en saam met God te leef, dit is die kuns want jy moet dit leer." Hy het die dood oorleef.

Na die oorlog het 'n 'n renbaan vir 'n appel en ei gekoop en dit opgebou tot die grootste en rykste renbaan in die wêreld, die Indianapolis 500. Later het hy en 'n ander dromer genaamd Douglas, besluit om vliegtuie te bou en die beroemde Douglas vliegtuigmaatskappy wat die Boeings bou is gestig… Hy het aangehou glo dat die lewe met God die moeite werd is.

Om te sterf is maklik, jy maak net jou oë toe. Om ander te laat sterf is net so maklik soos 'n oogknip. Maar om te leef en ander te laat leef en dit boonop saam met God te doen – dis die kuns! Dis wat Jesus vir hierdie vrou gesê het toe Hy haar wegstuur met die woorde: "Gaan, hier is niemand wat jou veroordeel nie – gaan doen wat jou hande vind om te doen en eer My met jou lewe."

Om mens te wees is om swak te wees. Om gelowig te wees is om die lewe in God se genade raak te sien. Wat 'n heerlike voorreg om die lewe saam met God oop te maak!!

Mag die Here jou seën en jou drome waar maak.

Amen.